
LANDBOUWEEKBLAD
29 Nov 2013, p.14



BOEDELBEPLANNING

NICO VAN GIJSEN

NAVRAE: tel. 021 461 2067 of faks 086 677 6314.
E-pos: nico@finlac.com.

# Skuld kan vruggebruik wegvat

'n Leser wil weet wat is die posisie van 'n vruggebruiker as die eienaar van die huis waaroor die vruggebruik geskep is, aangespreek word oor skuld en die bank dreig om die huis terug te neem.

Kán die bank 'n huis terugneem waaroor 'n vruggebruik geskep is? Kom ons kyk eers na die basiese beginsels van 'n vruggebruik. Die besitreg oor eiendom kan vir die doeleindes hiervan in twee gedeel word: Die besit van die eiendom en die genietinge, of gebruik, daarvan.

As ek iets geheel en al besit, kan ek daarmee handel soos ek wil. Maar met 'n vruggebruik word die twee "dele" van besitreg verdeel: Enersyds kry ons wat die "blote eienaar" van die eiendom genoem word, en andersyds die vruggebruiker, die een wat die reg het tot die voordele, of die "vrugte" van die eiendom. Ek bemaak my plaas aan my dogter (blote eienaar) met 'n vruggebruik daaroor aan my vrou (die vruggebruiker).

'n Vruggebruik is 'n sterk persoonlike reg. Dit gee aan die vruggebruiker die reg tot die volle gebruik van die eiendom waaroor die vruggebruik geskep is en alle opbrengste – die sogenoemde "vrugte" – is tot sy of haar voordeel. Die eienaar speel altyd tweede viool totdat die vruggebruik beëindig word, in ons voorbeeld hierbo by die dood van "my vrou".

Nou hoe raak dit die skuld van die blote eienaar?

## BORG TEKEN

Ek twyfel of enige bank 'n lening aan iemand gaan toestaan op grond van sy reg in 'n eiendom waaroor daar 'n vruggebruik is, sonder dat die vruggebruiker as borg teken. Die rede is dat die vruggebruik so 'n sterk reg is dat al neem die bank byvoorbeeld beslag op die eiendom, word die vruggebruiker se regte nie daardeur geraak nie. Kortom, die bank kan min met daardie eiendom doen.

As die blote eienaar van die eiendom by die bank geld wil leen, sal die bank normaalweg daarop aandring dat die vruggebruiker ook instaan as borg. As die skuldpligtige dan versuim om die skuld volgens die kontrak te vereffen, kan die bank beslag lê op die eiendom, sowel as die vruggebruik – die volle besit van die eiendom dus.

> Die eienaar speel tweede viool totdat die vruggebruik beëindig word.

Kortom, as jy as vruggebruiker borg staan vir skuld, kan jy die vruggebruik verloor – geheel of minstens tydelik totdat die skuld vereffen is. 'n Vruggebruik het 'n geldwaarde. Só kan 'n vruggebruiker self gaan skuld maak en as dit nie betaal kan word nie, kan die bank beslag lê op die vruggebruik tot die mate dat die skuld vereffen word. Hy kan byvoorbeeld 'n huurder in die huis plaas en die huurinkomste opneem totdat die skuld terugbetaal is.

In my jare as finansiële beplanner en rubriekskrywer aan wie lesers briewe skryf, het ek talle tragiese verhale gesien en ervaar waar ouers vir kinders as borg instaan en dan uiteindelik self in onomkeerbare finansiële ellende beland. My raad is altyd, laat die kind hom- of haarself vestig, al is die pad soms hard. Dis hoe 'n mens leer. Jy leer niks deur alles wat net gegee word nie.

Vruggebruike kan in lewe geskep word of by wyse van testament ná dood. Dit is 'n gewilde manier vir boere om byvoorbeeld vir hul vrou voorsiening te maak. Soms, ongelukkig, met ellendige gevolge, meesal die gevolg van onoordeelkundige finansiële beplanning.

*Nico van Gijsen is lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiële risiko-bestuursmaatskappy wat by die Raad op Finansiële Dienste gelisensieer is. Finlac is aan geen finansiële produkverskaffer verbonde nie. Die raad wat hier gegee word, is van 'n algemene aard en moenie as toepaslik vir 'n spesifieke geval beskou word nie.* **LBW**

**KORTOM**

- As 'n vruggebruiker borg staan vir skuld, kan hy of sy die vruggebruik verloor totdat die skuld vereffen is.
- 'n Vruggebruik het 'n geldwaarde.